

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

Regering van die Republiek van Suid-Afrika v Disotto en Andere (8/96) [1997] ZASCA 83; 1998 (1) SA 728 (SCA); [1998] 1 All SA 9 (A); (29 September 1997)

[1997] ZASCA 83

COURT

Supreme Court of Appeal

BEFORE

Smalberger, Howie, Marais, Schutz, Streicher

CASE / FILE NUMBER

8/96

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

Download original filesPDF formatRTF format

Download original files

PDF formatRTF format

PDF format

RTF format

Saak No 8/96

DIE HOOGSTE HOF VAN APPL

L

VAN SUID-AFRIKA

In die saak tussen:

DIE REGERING VAN DIE REPUBLIEK

APPELLANT

en

LINO PIETER DISOTTO

le RESPONDENT

PETRUS PAULUS JOCHEMUS

VAN DER VYVER

2e RESPONDENT

SYMINGTON & DE KOK

3e RESPONDENT

VOOR: SMALBERGER, HOWIE, MARAIS, SCHUTZ ARR en STREICHER Wnd AR

DATUM VERHOOR: 18 SEPTEMBER 1997

DATUM GELEWER: 29 SEPTEMBER 1997

UITSpraak STREICHER, Wnd AR:

Die tweede respondent het 'n aansoek teen die eerste respondent gebring met betrekking tot die mielie- en grondbone-oes

2

op die eerste respondent se plaas Drie Doorns, Bothaville. Na aanleiding van die aansoek het die hof 'n bevel gemaak ingevolge waarvan onafhanklike kontrakteurs sou toesien tot die afhandeling van die oes. Die volle opbrengs van die oes en oesreste moes in trust inbetaal word by die derde respondent, Dit moes deur die derde respondent in 'n rentedraende trustrekening gehou word hangende die finale beregting van 'n aksie wat deur die tweede respondent teen die eerste respondent ingestel sou word. Ingevolge die hofbevel is 'n bedrag van R92 987,10 in trust by die derde respondent inbetaal. 'n Aksie ten opsigte van die geld wat so inbetaal is, is deur die tweede respondent teen die eerste respondent ingestel en is geskik op die basis dat die eerste respondent toegestem het dat die bedrag aan die tweede respondent betaal word.

3

Die appellant het aansoek gedoen teen die eerste, tweede en derde respondente vir 'n verklarende bevel dat hy die eienaar is van R56 529,89 van die bedrag wat in trust by die derde respondent inbetaal is. Die appellant beweer dat hy die eiendomsreg in die betrokke oes verkry het as sekuriteit vir geld wat aan hom verskuldig is deur die eerste respondent. Hy voer aan dat hy, as gevolg van sodanige eiendomsreg, geregtig is op die bedrag van R56 529,89. Die appellant se aansoek, wat slegs deur die tweede respondent geopponeer is, is deur die hof a quo van die hand gewys met koste. Met verlof van die hof a quo kom die appellant nou in hor beroep teen die afwysing van sy vordering.

r beroep teen die afwysing van sy vordering.

Die appellant se aanspraak op die bedrag van R56 529,89 is gebaseer op die bepalings van die Wet op Landboukrediet 28 van 1966 ("die Wet") en ooreenkomste deur hom

4

aangegaan met die eerstrespondent.

respondent.

Die Wet maak ingevolge artikel 10 daarvan voorsiening vir die verlening deur 'n Landboukredietraad ("die Raad") van bystand by wyse van 'n lening, op die bedinge en voorwaardes deur die Raad bepaal, aan persone wat boerdery beoefen of ondemeem om dit te beoefen. Die Raad het ingevolge hierdie bepaling bystand vir die aankoop van sekere roerende goed aan die eerste respondent verleen by wyse van twee lenings ten bedrae van R56 668 en R68 740 onderskeidelik.

Artikel 38 van die Wet bepaal soos volg:

"38(1) Wanneer daar ingevolge hierdie Wet 'n voorwaarde gestel word dat die eiendomsreg op roerende goed op die Staat oorgedra moet word as sekuriteit of gedeeltelike sekuriteit vir -

(a)

bystand aan 'n persoon verleen; of

(b)

enige bedrag ingevolge hierdie Wet op 'n persoon verhaalbaar,

5

gaan die Minister en daardie persoon 'n ooreenkoms aan waarby bedoelde eiendomsreg aldus oorgedra word. (2) Sodra so 'n ooreenkoms aangegaan is, word die roerende goed waarop dit betrekking het, ondanks andersluidende wetsbepalings of bepalinge van die gemene reg, die eiendom van die Staat."

Die omskrywing, in artikel 1 van die Wet, van "roerende goed", verskil in bewoording van die omskrywing in die Engelse teks van "movable property". Die omskrywing lees soos volg (die ter sake sinsnede in die Engelse teks word in hakies aangedui):

"Ook gewasse, gesaaides of vrugte, hetsy dit goeie is al dan nie, en met betrekking tot roerende goed wat uit hoofde van 'n in artikel 38 bedoelde ooreenkoms die eiendom van die Staat is, ook roerende goed wat bedoelde roerende goed uit hoofde van 'n in artikel 39 bedoelde voorwaarde of voorskrif vervang of aanvul;

in die geval van roerende goed wat uit lewende hawe bestaan, die aandeel daarvan en enige produk wat uit sodanige lewende hawe of aandeel verkry word;

(c)

in die geval van roerende goed wat bestaan uit gewasse, gesaaides of vrugte, hetsy dit geoes is al dan nie, of

6

enigiets wat by die kweek van gewasse, gesaaides of vrugte gebruik word, alle gewasse, gesaaides of vrugte (all such crops or fruit), hetsy dit geoes is al dan nie, wat nadat die bedoelde ooreenkoms aangegaan is, deur die persoon wat dit aangegaan het, gekweek word."

Ek sal hiema na "gewasse, gesaaides of vrugte" verwys as "gewasse".

Dit volg dus dat, waar die eiendomsreg in roerende goed, bestaande uit gewasse of iets wat by die kweek van gewasse gebruik word, by ooreenkoms ingevolge artikel 38 oorgedra word aan die Staat, alle gewasse (volgens die bewoording van die Afrikaanse teks) of al sulke gewasse (volgens die bewoording van die Engelse teks) ook roerende goed is waarvan die eiendomsreg ingevolge artikel 38 oorgedra kan word aan die Staat.

Ingevolge artikel 38 het die appellant en die eerste respondent 'n skriftelike ooreenkoms aangegaan ten opsigte van elk

an ten opsigte van elk

7

van die voormelde eningsbedrae. In elk van die ooreenkomste is die eningsbedrae. In elk van die ooreenkomste is die roerende goed vir die aankoop waarvan bystand verleen is, gespesifiseer. Behalwe dat die bedrae verskil, is die bewoording van die twee ooreenkomste identies.

Klousule B(a) van die ooreenkomste bepaal:

"(a) Die eiendomsreg op 'die goed' berus by ontvangs daarvan deur die Skuldenaar by die Staat as sekuriteit vir enige bedrag plus rente kragtens die Wet deur die Departement op die Skuldenaar verhaalbaar kragtens hierdie ooreenkoms."

In die ooreenkomste word "die goed" omskryf as die insluitende, in ooreenstemming met die woordskrywing van "roerende goed" in die Wet, alle gewasse, gesaaides of vrugte, hetsy dit geoes is al dan nie, wat nadat die ooreenkomste aangegaan is, deur die persoon wat dit aangegaan het, gekweek word.

8

Die goed, vir die aankoop waarvan bystand verleen is, word soos volg in die ooreenkomste beskryf:

"(a)

Saad

Kunsmis

Brandstof/smeermiddels

(d)

Spuitstof

(e)

Onderdele/herstelkoste aan trekkers/implemente"

Volgens die appellant is 'n bedrag van R85 107,74 plus rente aan hom verskuldig uit hoofde van die ooreenkomste. Die appellant voer aan dat die eerste respondendie betrokke oes gekweek het. Hy beweer dat hy, uit hoofde van die bepalings van artikel 38 van die Wet en die bepalings van die voormelde ooreenkomste, die eienaar van die oes was en dat hy gevolglik die eienaar is van die geld wat in die trustrekening van die derde respondent inbetaal is.

die betrokke oes gekweek het. Hy beweer dat hy, uit hoofde van die bepalings van artikel 38 van die Wet en die bepalings van die voormelde ooreenkomste, die eienaar van die oes was en dat hy gevolglik die eienaar is van die geld wat in die trustrekening van die derde respondent inbetaal is.

Die rweede respondent daarenteen ontken dadie oes

die oes

9

deur die eerste respondent gekweek is en dat die eerste respondent enige aanspraak daarop gehad het. Volgens hom het hy 'n lening aan die eerste respondent gemaak. Hy beweer dat hy, ten einde die geld aan hom verskuldig te verhaal, uitdruklik met die eerste respondent ooreengekom het:

Dat hy geregtig sou wees om 'n oes op die plaas Drie Dooms te vestig op sy koste.

Dat die eerste respondent die vestiging en nasorg van die oes en ook die stroop daarvan namens hom sou administreer.

Dat 'n bedrag van R1 200 per maand as maandelikse salaris deur hom aan die eerste respondent betaalbaar sou wees.

Dat hy verantwoordelik sou wees vir die betaling van alle lone ten opsigte van die vestiging, versorging en afhaal

10

van die oes.

Dat hy verantwoordelik sou wees vir die koste daaraan verbonde om die eerste respondent se bakkie in 'n lopende toestand te bring.

(f)

Dat hy verantwoordelik sou wees vir die herstelkoste aan die implemente van die eerste respondent wat gebmik word met betrekking tot die oes.

(g)

Dal die eerste respondent twee trekkers beskikbaar sou stel, welkerekkers herstel moes word en dat hy, die tweede responden, verantwoordelik sou wees vir die herstelkoste.

rekkers herstel moes word en dat hy, die tweede responden, verantwoordelik sou wees vir die herstelkoste.

, verantwoordelik sou wees vir die herstelkoste.

Die tweede respondent beweer verder dat hy twee trekkers, twee ploeen 'n groot vragmotor beskikbaar gestel het en dat hy alle koste met betrekking tot die "insit van die oes", soos byvoorbeeld koste in verband met saad, diesel, kunsmis, mielies, lone

en 'n groot vragmotor beskikbaar gestel het en dat hy alle koste met betrekking tot die "insit van die oes", soos byvoorbeeld koste in verband met saad, diesel, kunsmis, mielies, lone

11

en spuitstof, betaal het. Volgens hom het hy al sy verpligtinge

ingevolge die ooreenkoms nagekom en het die totale bedrag deur

hom spandeer ten opsigte van die vestiging van die oes R131 700

beloop.

Beckley R het bevind:

"Na. my mening is dit duidelik dat die applikant slegs eiendomsreg op 'die goed' verkry wat aan 'die skuldenaar' (d.w.s. die eerste respondent) verskaf word en wat gebruik word in die verboning van gewasse, gesaaides of vrugte. In die onderhawige geval is dit gemeensaak dat die betrokke oeste nie verbou is met 'die goed', d.w.s. die saad, kunsmis, brandstof en onderdele wat deur die applikant (die Departement) aan die eerste respondent voorsien en verskaf is nie, maar inderdaad met die saad, kunsmis, ens. wat deur die tweede respondent voorsien en verskaf is. Die enigste betrokkenheid van die eerste respondent by die betrokke oeste, is dat die oeste geproduseer is op sy eiendom. Hy sou geen direkte aanspraak op die oes nie en het geen finansile belang daarin gehad nie, in die sin dat hy 'n deel van die opbrengs sou ontvang nie."

op die oes nie en het geen finansile belang daarin gehad nie, in die sin dat hy 'n deel van die opbrengs sou ontvang nie."

le belang daarin gehad nie, in die sin dat hy 'n deel van die opbrengs sou ontvang nie."

Die appellant betoog dat Beckley R fouteer het. Hy voer

12

aan dat hy die eienaar geword het van alle gewasse wat na die aangaan van die ooreenkomste deur die eerste respondent gekweek is, hetsy vir sy eie rekening hetsy ten behoeve van 'n derde. Hy voer verder aan dat dit so is onafhanklik daarvan of die betrokke roerende goed, wat as sekuriteit aan hom oorgedra is, by die kweek daarvan gebruik is,

Die tweede respondent betoog dat die Wet beperkend uitgelmoet word. Hy voer aan dat Beckley R tereg bevind het

moet word. Hy voer aan dat Beckley R tereg bevind het

-

dat slegs die eiendomsreg in gewasse wat deur die eerste respondent gekweek is aan die Staat oorgedra kon word; en

dat die betrokke gewasse nie deur die eerste respondent gekweek is nie.

Wabetref gewasse wat na die aangaan van 'n ooreenkoms gekweek is, betoog die tweede respondent dat slegs

betref gewasse wat na die aangaan van 'n ooreenkoms gekweek is, betoog die tweede respondent dat slegs

13 gewasse, by die kweek waarvan roerende goed, wat ingevolge artikel 38 as sekuriteit aan die Staat oorgedra is, gebruik is, kwalifiseer as "roerende goed" wat ingevolge die artikel aan die Staat oorgedra kan word.

By die vertolking van die Wet moet die woorde daarvan in hulle gewone, grammatikale betekenis verstaan word tensy dit uit die samehang van die Wet blyk dat so 'n vertolking aanleiding tot 'n absurditeit sal gee of tot 'n resultaat sal lei wat strydig met die duidelike bedoeling van die Wetgewer is, in welke geval van die gewone grammatikale betekenis van die woorde afgewyk kan word ten einde aan die duidelike bedoeling van die Wetgewer gevolg te gee (Landboukredietraad v Vrystaat Lewendehawe Koperasie Bpk1990 (1) SA 106(A)op 112F).

e duidelike bedoeling van die Wetgewer is, in welke geval van die gewone grammatikale betekenis van die woorde afgewyk kan word ten einde aan die duidelike bedoeling van die Wetgewer gevolg te gee (Landboukredietraad v Vrystaat Lewendehawe Koperasie Bpk1990 (1) SA 106(A)op 112F).

perasie Bpk1990 (1) SA 106(A)op 112F).

1990 (1) SA 106(A)

Beide die Wet en die ooreenkomste vereis vir die

14 oordrag aan die Staat van die eiendomsreg in gewasse, wat na die aangaan van die ooreenkomste gekweek is, dat hulle gekweek moes wees deur die persoon met wie die Staat die ooreenkomste aangeaannet.

Die appellant voer aan dat die woorde "deur die persoon . . . gekweek word" uitgelmoet word om te beteken "deur die persoon . . . hetsy vir homself hetsy vir 'n ander persoon gekweek word".

moet word om te beteken "deur die persoon . . . hetsy vir homself hetsy vir 'n ander persoon gekweek word".

Die Wet moet beperkend vertolk word omrede dit 'n ingrypende inbreukmaking op die gemene regtelike beginsels met betrekking tot die oordrag van eiendomsreg daarstel en ander skuldeisers daardeur benadeel kan word (vgl *Carolus Kraal Farms*

1994(3) SA 407(A) op 423D).

15

Die uitleg deur die appellant aan die hand gedoen strook nie met die gewone grammatikale betekenis van die woorde deur die wetgewer gebruik nie. Verder sou so 'n uitleg in stryd wees met die vereiste dat die Wet beperkend vertolk moet word. So 'n uitleg kan ook 'n resultaat tot gevolg hwat beswaarlik deur die wetgewer beoog kon gewees het. Dit kan naamlik tot gevolg hdat gewasse wat deur 'n persoon as werknemer vir 'n niksvermoedende derde gekweek word, op daardie derde persoon se plaas, met daardie persoon se saad en ander benodigdhede, die eiendom van die Staat word.

wat beswaarlik deur die wetgewer beoog kon gewees het. Dit kan naamlik tot gevolg hdat gewasse wat deur 'n persoon as werknemer vir 'n niksvermoedende derde gekweek word, op daardie derde persoon se plaas, met daardie persoon se saad en ander benodigdhede, die eiendom van die Staat word.

dat gewasse wat deur 'n persoon as werknemer vir 'n niksvermoedende derde gekweek word, op daardie derde persoon se plaas, met daardie persoon se saad en ander benodigdhede, die eiendom van die Staat word.

Ingevolge 'n behoorlike uitleg van die Wet kon slegs die eiendomsreg in gewasse wat na die aangaan van die ooreenkomste deur die eerste repondent self (of namens hom) gekweek is, dus ingevolge artikel 38 aan die Staat oorgedra word.

16

Die tweede respondent se bewerings aangaande die ooreenkoms tussen hom en die eerste respondent met betrekking tot die vestiging van die oes op die eerste respondent se plaas en sy bewerings dat hy sy verpligtinge ingevolge die ooreenkoms nagekom het en dat hy alle insetkoste

met betrekking tot die oes betaal het, is nie deur die appellant betwis nie. Onder die omstandighede is dit duidelik dat die mielies en grondbone wat geoes is nie deur die eerste respondent gekweek is soos vereis deur artikel 38 en die ooreenkmste tussen die appellant en die eerste respondent nie. Ten beste vir die appellant het die eerste respondent die mielies en grondbone wat geoes is ten behoeve van die tweede respondent gekweek.

mste tussen die appellant en die eerste respondent nie. Ten beste vir die appellant het die eerste respondent die mielies en grondbone wat geoes is ten behoeve van die tweede respondent gekweek.

Dit volg dus dat die appellant nie die eienaar was van die betrokke oes nie. Dit volg verder dadie appellant nie uit hoofde

die appellant nie uit hoofde

17

van eiendomsreg in die oes aanspraak kan maak op die opbrengs wat by die derde respondent inbetaal is nie.

Die Wet plaas geen beperking op die werklik roerende goed wat ingevolge artikel 38 aan die Staat in eiendomsreg oorgedra kan word nie. Insoverre Beckley R bevind het dat gewasse, gesaaides of vrugte, wat na die aangaan van die ooreenkoms ingevolge artikel 38 gekweek is, slegs in eiendomsreg oorgedra kan word indien dit inderdaad deur gebruikmaking van daardie goed gekweek is, is die korrektheid van die bevinding te betwyfel. In die lig van die voorgaande is die egter onnodig om te beslis of die oes, indien dit wel gekweek was deur die eerste respondent, sou kwalifiseer as gewasse waarvan die eiendomsreg aan die Staat oorgedra kon word ingevolge artikel 38 van die Wet, nieteenstaande

18

die feit dat die roerende goed wat aan die Staat oorgedra is, nie by die kweek daarvan gebruik is nie. Dit is ook onwenslik om hierdie geskilpunt te beslis inter alia aangesien die verskil in bewoording tussen die Afrikaanse en Engelse teks van die Wet, waarna hierbo verwys is, moontlik ter sake is en geen volledige argument ten aansien van die effek, indien enige, van die verskil in bewoording voorgedra is nie.

Die bovermelde geskilpunte was die hoofgeskilpunte tussen die partye. In die lig van my siening ten aansien van daardie geskilpunte is dit onnodig om te beslis of die appellant, indien hy wel die eienaar van die oes geword het, 'n geldige aanspraak sou hop die geld wat by die derde respondent inbetaal is.

op die geld wat by die derde respondent inbetaal is.

19

Die appl word gevolglik van die hand gewys met koste.

l word gevolglik van die hand gewys met koste.

P E STREICHER

Wnd Applregter

lregter

SMALBERGER, AR

)

HOWIE, AR

) STEMSAAM

MARAIS, AR

SCHUTZ, AR

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZASCA/1997/83.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/regering-van-die-republiek-van-suid-afrika-v-disotto-unknown-topic-asca-1997>

Prepared on 11 October 2026 · Esheria